11 April 2020

Geagte Ouers/Voogde

Ek skryf aan u nie net as waarnemende hoof van Hoërskool Lydenburg nie, maar ook as ’n ouer wat begrip het vir u kommer oor u kinders se toekoms en veral die huidige akademiese jaar.

Hoërskool Lydenburg hou die COVID 19-pandemie van die begin af fyn dop, en het vroeg reeds na die hoogste versnelling oorgeskakel om die krisis die hoof te bied. Ons het nou slegs twee oorhoofse prioriteite: om te sorg dat kinders hul akademiese jaar kan voltooi, en om die volhoubaarheid van ons skool te verseker.

Niemand kan met sekerheid sê hoe die pandemie gaan ontvou en of die staat van inperking nog verleng gaan word nie. Daarom was ons gereed om op 31 Maart met hersieningswerk te begin en vanaf 14 April aanlyn met leer en onderrig, asook assessering, te begin omdat kontakonderrig nie moontlik is nie. Beplanning tot die einde April berus op die aanname dat kinders nie toegelaat sal word om voor die einde van die maand terug te keer na ons skool nie. Ons Minister se toespraak en opdrag was duidelik in dié verband.

Voorbereidings sluit die volgende stappe in:

- gespesialiseerde afdelings is besig om die nodige tegnologie in plek te stel;
- ons kan bevestig dat sommige selfoonnetwerke gratis toegang tot ons aanlynplatforms vir leer en onderrig aan ons kinders sal verskaf; (Vodacom e-school, tans slegs in Engels)
- onderwysers word in aanlynonderrig en -assessering opgelei;
- wenke vir aanlynleer word aan kinders verskaf; en
- ons sal voortdurend monitor om seker te maak personeellede en kinders se gereedheid vir aanlynleer en -onderrig geniet aandag en dat diegene wat bystand benodig, gehelp kan word.

Sedert einde Maart is u gereeld per Whatsapp-groepe, Facebook en d6 op hoogte gehou van die nuutste verwikkelinge. Gaan kyk gerus self na die webblad – u sal al die skrywes, gesondheidsprotokolle, wenke vir aanlynleer en die verskillende ondersteuningsdienste vir kinders daar vind.

Kerkstraat
Posbus 28
Lydenburg
1120

Tel: (013) 235 2111 / (013) 235 2112 / (013) 235 1090
e-pos: chrismari@lydenburghs.co.za
www.lydenburghs.co.za

Ná die besluit van die Minister, het ons 'n **aangepaste akademiese kalender** vir April aangeheg. Daarop beklemtoon ons dat die kinders in roetine moet bly en dat aanlynleer en -onderrig toewyding, fokus en onafhanklike werk van ons kinders gaan vra. Ons moedig hulle aan om ons om hulp te vra as hulle ondersteuning benodig. Ons sal ook al hoe meer boodskappe op die ouergroep plaas waar leerders moet aansluit by Google classroom en Whatsapp-groepe om hul werk te ontvang.

Google classroom is 'n toepassing wat die ouer/kind eenkeer aflaai en vandaar het die kind dan 'n kode per vak om deel te wees van die e-leer klaskamer. Ons graad 8 Afrikaans Huistaalklasse word reeds met groot sukses so aangebied. Ons stuur juis die boodskap vandag uit om veral ons graad 12-leerders te vra om die toepassing Google classroom te gaan aflaai. Kodes vir die onderskeie vakke sal aan u deurgegee word. Die kinders sal vanaf 14 April hierdie forum kan gebruik. Dit word infaseer vanaf graad 12 en sal dan uiteindelik na die meeste grade deurgevoer word.

Ek is mateloos beïndruk met hoe die Hoërskool Lydenburg-gemeenskap tot dusver skouer aan die wiel sit. Maar ek besef ook ons bevind ons in uitsonderlike omstandighede, wat aanpassings vereis wat nie aldag maklik is nie. Ons het nog nooit so iets beleef nie, maar ons weet uit ervaring dat ons tot baie in staat is as ons saamwerk. Die hele wêreld ondergaan tans groot veranderinge. Ons is saam op hierdie vreemde reis. 'n Herstelprogram sal na die aanvang van die skool ook volledig deurgevoer word.

Ek gee u die onderneming dat ons alles binne ons vermoë doen om te sorg dat u kind die akademiese jaar kan voltooi, en 'n toonaangewende skool sal hê om na terug te keer wanneer ons anderkant die huidige krisis uitkom.

Ek hoop dat u gehalte-tyd sal kan deurbring met u geliefdes, al is dit oor 'n afstand. Mag ons almal goed uitrus vir die weke wat voorlê.

Vriendelike groete,

C Aucamp

C Aucamp
Waarnemende Hoof

Kerkstraat
Posbus 28
Lydenburg
1120

Tel: (013) 235 2111 / (013) 235 2112 / (013) 235 1090
e-pos: chrismari@lydenburghs.co.za
www.lydenburghs.co.za